# Die Jordaantjie

JORDANIA PRIMÊR
ONS BOU

WEEKLIKSE NUUSBRIEF

35/2024

## IN HIERDIE UITGAWE


1. Toekenningsaande
2. ISF Prysuitdeling (G&S Toekennings)
3. Voorbereiding vir eksamen
4. Herregistrasievorms vir 2025
5. Skoolfonds vir 2024
6. Atletiek
7. Krieketuitslae van die afgelope week
8. Krieketwedstryde vir volgende week
9. Unisa Musiekuitslae
10. EBW Entrepreneurskompetisie


## Volgende week se hoogtepunte:

- **4** Voortrekkers Prysuitdeling
- **6** Goud & Silwer Akademiese toekennings
- **7-8** Gr. 6 kamp
- **8** Gr. R & 1 Kuierdag
- **8-9** Jorrie Kriekettoernooi

## 2024 SKOOLKWARTALE

**4DE KWARTAAL:**
**1 OKTOBER - 11 DESEMBER**

## SKOOLTYE

| | |
|---|---|
| GRAAD R | 7:30 - 12:35 (Ma - Vrydae) |
| GRAAD 1-2 | 7:30 - 13:05 (Vrydae 12:45) |
| GRAAD 3 | 7:30 - 13:30 (Vrydae 12:50) |
| GRAAD 4-7 | 7:30 - 13:40 (Vrydae 13:00 |

## KLEREBANKTYE

Dinsdae, Woensdae & Donderdae - 07:30-8:30

## Uit die kantoor

Die afgelope week het 3 van ons 4 prysuitdelings plaasgevind en is kinders beloon vir hul harde werk en prestasies. Ons is trots op ons Jorrie-leerders.

Om ‘n toekenning te ontvang is natuurlik ‘n voorreg en prestasie – iets om met reg op trots te wees. Die trofee of beker kry êrens ‘n staanplekkie op ‘n rak of tafel en dan … gaan die lewe aan.

As ons môre oggend opstaan, breek ‘n nuwe dag vir ons, met eindelose moontlikhede. Daarom moet ons altyd vashou aan ons drome, want enigiets is moontlik. Gaan voort om te doen wat nodig is om een dag op ‘n slag vorentoe te beweeg. Skryf jou droom neer en vertrou dat alle dinge op die regte tyd waar sal word.

Hou altyd jou oog op wat belangrik is in die lewe. Onthou dat ware geluk nie daar buite gevind word nie, maar in die binnekamer van jou hart en in die huis van jou geliefdes en vriende.

Hou vas aan jou droom en koester die dinge en mense wat saak maak!

Elda Louw

Skoolhoof (wnd.)

100% JORRIES

# Algemeen

## 1. Toekenningsaande

Ons is baie dankbaar dat die toekenningsaande kon plaasvind die afgelope week. Baie geluk aan almal wat toekennings ontvang het. Die volgende spesiale toekennings is by die prestige aand gemaak:

**Dux leerder:** Lené Labuschagne

**Kultuurdogter:** Lexi Willemse

**Kultuurseun:** Rigardt Strydom

**Sportseun:** Janco Jooste

**Sportdogter:** Demaine van Deventer

**Mees Veelsydige Dogter:** Isabel van Deventer

**Mees Veelsydige Seun:** Rigardt Strydom

**Knobel toekenning:** Anabelle Bezuidenhout

## 2. ISF Prysuitdeling (G & S Toekennings)

Volgende week, Woensdag 6 November, vind ons Toekenningsgeleentheid plaas waarin ons erkenning gee aan leerders wat 'n Goud of Silwer Akademiese Toekenning vir die jaar ontvang het. Dit vind plaas in die Skoolsaal vanaf 07:30 tot 08:30. U as ouers word hartlik uitgenooi na hierdie geleentheid.

## 3. Voorbereiding vir eksamen

Die eksamen vir Graad 4-7 leerders is om die draai en begin reeds op 15 November. Die eksamenrooster en -afbakening van die verskillende vakke is reeds uitgestuur. Ons versoek ouers om dit deeglik te bestudeer en kinders te help om vroegtydig vir elke vak voor te berei. Die einde is in sig, so kom ons werk enduit.

## 4. Herregistrasievorms vir 2025

Herregistrasievorms vir Graad R-6 leerders is reeds huis toe gestuur. Alle vorms (1 per gesin) moet so gou moontlik by die klasonderwyser besorg word asb. Dit is baie belangrik dat dit terug besorg word sodat beplanning vir volgende jaar gedoen kan word.

## 5. Skoolfonds 2024

Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal. Maak asb. seker dat alle uitstaande skoolfonds betaal is. Onthou dat alle uitstaande skoolfonds vir 2024 aan die einde van Oktober betaal moet wees. Kontak Alta de Beer.

| BANKBESONDERHEDE | |
|---|---|
| REK NAAM: | *Jordania Primêre Skool* |
| BANK: | STANDARD BANK |
| REKENING: | **042117453** |
| TAK KODE: | 055433 |

## Kommunikasie rakende aktiwiteite buite skoolverband

**Ons wil graag erkenning gee aan ons leerders vir hul prestasies in aktiwiteite buite skoolverband. Stuur asb. uitslae na die volgende personeel:**

**Juf. Frances vd Schyff**
ATKV Redenaars
ATKV Radikale Kompetisie en ander soortgelyke kompetisies

**Juf. Sunel Stoffberg**
Akademiese prestasies (buite skoolverband)

**Juf. Dingena**
Sport prestasies (Buite skoolverband)

**Juf. Tanya Pretorius**
Kultuur prestasies (Buite skoolverband)

**Boodskap moet die volgende inligting bevat:**
**Naam van leerder**
**Datum van deelname**
**Naam van kompetisie**
**Plek behaal**
**Opsioneel: Foto**

# Sport

## 6. Atletiek




Op 26 Oktober het ons Jorrie-atlete aan die JF Prestige atletiekbyeenkoms deelgeneem vir voorseisoen voorbereiding en baie goed gevaar.

**Die volgende atlete behaal podiumplekke:**

**Voor:**
Lilimari O'Connor (D9 60m - 1 ste plek ; 80m - 1ste plek)
Libalele Radebe (S9 60m - 2de plek)
AJ Olivier (S9 60m - 1ste plek en 80m - 2de plek (verbeter vorige rekord)
Christopher Schütze (S10 1200m - 2de plek)
Tristan-Tyler Nel (S12 75mH - 2de plek)

**Middel:**
Melanie Hill (D11 80m - 1ste plek ; 70mH - 1ste plek ; Hoogspring - 1ste plek)
Willie Uys (S13 200mH - 3de plek)
Bokang Mokoena (S12 Verspring - 3de plek)
Lindi Pretorius (D13 Verspring - 2de plek)

**Agter:**
Dehan Cilliers (S14 800m - 3de plek ; 1500m - 1ste plek (nuwe rekord)
Ruhan Cilliers (S14 800m - 2de plek ; 1500m - 2de plek (verbeter vorige rekord)
Maricelle Nortjé (D14 Gewigstoot - 2de plek ; Spiesgooi - 1ste plek)

# Sport

## 7. Krieketuitslae van die afgelope week

**Maandag, 28 Oktober:**
o/9A teen Senekal A – wen met 171 lopies
o/9B teen TKS A – verloor met 5 paaltjies
o/11B teen Reitz A – wen met 9 paaltjies

**Dinsdag, 29 Oktober:**
o/11A teen Senekal A – wen met 4 paaltjies
o/11C teen Harriston A – wen met 9 paaltjies
o/13C teen Tweespruit A – verloor met 9 paaltjies

**Woensdag, 30 Oktober:**
o/9A teen Ladybrand A – wen met 10 paaltjies
o/11C teen TKS C – verloor met 4 paaltjies
o/13B teen Ladybrand A – wen met 8 paaltjies

**Donderdag, 31 Oktober:**
o/13C teen TKS B – verloor met 9 paaltjies
o/9C teen Graanveld B – verloor met 4 paaltjies

## 8. Krieketwedstryde vir volgende week

**Maandag, 4 November:**
o/9C teen TKS o/9D



**Dinsdag, 5 November:**
o/11C teen Graanveld o/11A

# Kultuur

## 9. Unisa Musiekuitslae

**Leerders wie se name op Unisa se ererol geplaas word, is:**

- Gidon Verster: Slaag Graad 1 Praktiese eksamen met lof.
- Milé Bezuidenhout: Slaag Graad 1 Praktiese eksamen met lof.
- Karmi Verster: Slaag Graad 3 Praktiese eksamen met lof.
- Danielle Venter: Slaag Graad 3 Praktiese eksamen met lof.

Baie geluk met die mooi prestasies!

# Akademie

## 10. EBW Entrepreneurskompetisie

Baie geluk aan ons gr. 7 leerders wat deelgeneem het aan die Provinsiale rondte van die EBW Entrepreneurskompetisie en 'n 4de plek behaal het. Die spanlede is:

- Janyke Smit
- Lexi Willemse
- Ruan Fourie
- Janré Rautenbach
- Rigardt Strydom

## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

**Maandag, 4 Nov.**
Voortrekkers Prysuitdeling
Krieket: o/9 C teen TKS o/9 D

**Dinsdag, 5 Nov.**
Krieket: o/11 C teen Graanveld o/11 A

**Woensdag, 6 Nov.**
ISF Prysuitdeling (G&S Toekennings)
Voortrekkers afsluiting

**Donderdag, 7 Nov.**
Graad 6 kamp

**Vrydag, 8 Nov.**
Graad 6 kamp
Gr. R en 1 kuierdag
Jorrie kriekettoernooi

**Saterdag, 9 Nov.**
Jorrie kriekettoernooi

## Personeel Verjaarsdae

**2 November:**
Juf. Natasha Fourie

**7 November:**
Monique Jansen van Vuuren

*Veels geluk!*

**BANKBESONDERHEDE:**
Jordania Primêre Skool
Standard Bank, Harrismith
Rek Nommer: 042 117 453
Takkode: 051001

**VIND ONS OOK OP:**

## KONTAK ONS:

jordania@jordaniapri.co.za

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700

058 303 4116

Faks: 058 303 4264

www.jordaniaprimer.co.za


POW!
Jordania
Graad R en 1
BANG
WHAM!
Inskrywings
oop vir 2025
Maak seker u kind is ingeskryf vir 2025. Kontak
gerus die kantoor op 058 303 4116.
https://www.jordaniaprimer.co.za

# TRADE A TOY 2024



BETHLEHEM
30 NOV

# SPREAD THE DEERE CHEER!

Join in the fun at our annual **AFGRI Equipment Trade A Toy event.**

Bring your well cared for toys and trade them for a generous credit on your new purchase.

Traded toys go **to charity, it is a Win-Win!**

See you there.

www.afgriequipment.co.za

AFGRI EQUIPMENT


MARIAAN SE NASORG
30 JAAR VAN LIEFDE, OMGEE EN HARDE WERK, LEWER KINDERS OP WAT HULLE PLEK VOLSTAAN IN DIE LEWE
Nasorg by Jordania Primêr
Gekwalifiseerde onderwyseres sedert 1984
Kontak Mariaan: 082 562 6362